

Britz, RM

Universiteit van die Vrystaat

# **“Nicht (durch) den todten Buchstaben ...” Die *Confessio Tetrapolitana* as vroeë gereformeerde belydeniskrif<sup>1</sup>**

## ABSTRACT

**“Nicht (durch) den todten Buchstaben ...” The *Confessio Tetrapolitana* as an early reformed confession**

This article considers the *Confessio Tetrapolitana* as an early 16<sup>th</sup> century reformed confession. The *Tetrapolitana*'s original setting was that of the Diet of Augsburg summoned by Emperor Charles V in 1530 to restore the unity in faith in Europe and to assemble the political forces for defense against the Turkish peril in the East. The Diet however proved to be an intersection of differing confessional positions. The church in Europe in fact parted. As the articulation of the reformed conviction, the *Tetrapolitana* was composed by Bucer and Capito, representatives of the cities of Strassburg, Memmingen, Konstanz and Lindau at the Diet. Against the (church)historical background, the article focuses on the contextual and theological issues which the *Tetrapolitana* upheld in a right of its own. In this regard its view of Scripture, its differences with the traditional Roman-Catholic persuasions and the practical effects of faith is taken into consideration. These were indeed crucial issues in maintaining the traditional Christian European syntheses. The article however argues that the crucial line of argument of this reformed confession is embodied in what is confessed of Jesus Christ, of his historical-empirical history and the impact in real life of his continuing presence. In this regard the *Tetrapolitana* transcended its contextually and retained a confessional relevance.

“... nicht (durch) den todten Buchstaben ...”

*Confessio Tetrapolitana*, 1531

## 1. INLEIDING

Die aanhaling hierbo is 'n verwysing na 2 Korintiërs 3:6, 'n teks wat meermale in die vroeë 16de eeuse gereformeerde belydenisskrifte aangehaal is.<sup>2</sup> In hierdie geval kom dit uit die *Christlicher*

1 Die navorsing vir hierdie artikel is moontlik gemaak deur 'n navorsingstoekenning van die Johannes a Lasco Bibliothek (Emden) en die Ministerium für Wissenschaft und Kultur van Niedersachsen.

2 Zwingli verwys na hierdie teks in sy *Ein kurze und christenliche Inleitung, die ein ersamer Rat der statt Zürich den seelsorgern und predicanter in iren stetten, landen und gebieten wonhaft zugesant haben, damit sy die euangelische warheit einheilig fürrhin verkündent und iren underthanen predigent. Ußgangen uff den 17. tag novembbris 1523*. Sien E. Busch, “Die Zürcher Einleitung von 1523” in Heiner Faulenbach und Eberhard Busch, *Reformierte Bekenntnisschriften Bd. I/1 1523-1534* (Neukirchen-

*leer und glaubens Bekantnus, Romischer Keyserlicher Majestat auff dem Reichstag zu Augspurg von den vier frey und Reich stetten Straßburg, Constantz, Memmingen und Lindau überantwurtet.* Of, soos hierdie glaubens Bekantnus ook bekend staan, die *Confessio Tetrapolitana*,<sup>4</sup> die belydenis van die vier stede – Straßburg, Konstanz, Memmingen en Lindau. Al vier het gedurende die 16de eeu binne die Heilige Romeinse Ryk van die Duitse Nasie tereg gekom. En, al vier het toe, met “Europe on the threshold,”<sup>5</sup> vir die Reformasie gekies. Die eerste Duitse uitgawe van die *Confessio Tetrapolitana* het by Johann Schweintzer op 22 Augustus 1531 in Straßburg in druk verskyn.

As sodanig is die *Tetrapolitana* een van die gereformeerde belydenisskrifte waarmee die Reformasie begelei en aan die Skrif, begryp as die openbaring van God in Christus, gehou is.<sup>6</sup> Faulenbach tel die *Tetrapolitana* as die 14de konfessionele dokument van *gereformeerde* oortuiging,<sup>7</sup> sedert die verantwoording van die geloof in 67 Artikels deur Zwingli (1483-1531)<sup>8</sup> op 29 Januarie 1523 by die bekende theologiese disput in Zürich.<sup>9</sup> Hierna sou nog – tot by 1600 – ten minste 72 belydenisskrifte, gesny uit dieselfde hout, volg. In die algemeen kan gesê word dat die gereformeerde belydenisse as ’n omvattende kerkhistoriese inset (net soos die tydgenootlike belydenisse uit die ander theologiese oortuigings) in die teken van ’n ekklesiologiese ontwikkeling<sup>10</sup> staan. Dit moet kerkhistories en theologies in samehang met kontemporäre kerkordes,

Vluyn: Neukirchener Verlag, 2002), 130, reël 17. Hierdie spesifieke teks word ook in die *Memminger Thesen* van 1525 gebruik as aanduiding van die Nuwe Testamentiese bedeling, wat nie meer gekenmerk word deur diensbaarheid nie. Vgl. W.H. Neuser, “Die Memminger Thesen von 1525” in *ibid.*, 160, reël 29-30. Dit word ook meermale aangehaal in die *Ordnung wie sich pfarrer und prediger zu Statt und Land Bern, in leer und leben, halten sollen, mit wyterem bericht von Christo, unnd den Sacramenten, beschlossen im Synodo da selbst versamlet, am IX. tag Januarij. AN. MDXXXII.* Sien F. Krüger, “Lehrartikel des Berner Synodus von 1532” in *ibid.*, 524, reël 16, 528, reël 10 e.v., 530, reël 29, 531, reël 3. Hierin het Wolfgang Capito ’n leeue-aandeel gehad. Vgl. W.H. Neuser, “Die Zwinglianer”, in C. Andresen (Hg.), *Handbuch der Dogmen- und Theologiegeschichte* 2 (Göttingen: Vandenhoeck & Ruprecht, 1980), 207.

- 3 Vir ’n tekskritiese uitgawe, sien Wilhelm H. Neuser, “Confessio Tetrapolitana von 1530” in Faulenbach und Busch, *Reformierte Bekenntnisschriften*, 456-494. Sien ook die teksuitgawe van B. Moeller, “Confessio Tetrapolitana und die Schriften des Jahres 1531”, in *Bucers Deutsche Schriften*, Bd. 3 (Gütersloh, 1969), 15-318; E.F.K. Müller, *Die Bekenntnisschriften der reformierten Kirche. In authentischen Texten mit geschichtlicher Einleitung und Register* (Zürich: Theologische Buchhandlung, 1987), 55-78. Vir ’n Engelse vertaling van die *Confessio Tetrapolitana*, sien J. Pelikan & V Hotchkiss (ed.), *Confessions & Creeds of Faith in the Christian Tradition, Volume II Part Four Creeds and Confessions of the Reformation Era* (New Haven & London: Yale University Press, 2003), 220-248. Die vertaling van Cochrane berus op die teks wat in H.A. Niemeyer, *Collectio Confessionum in Ecclesiis Reformatis Publicatarum* (Leipzig: Julius Klinkhardt, 1840) opgeneem is.
- 4 Vir die verskillende uitgawes hiervan, sien Faulenbach und Busch, *Bekenntnisschriften*, 452 e.v.
- 5 W.R. Estep, *Renaissance and Reformation* (Grand Rapids, Michigan: Eerdmans, 1986), 95. Sien *ibid.*, 95-111 vir ’n oorsig van die uiteenlopende en vloeibare situasie in Europa.
- 6 Sien die kort en onvolledige oorsig van die belangrikste reformatoriële belydenisskrifte by “Glaubensbekenntnis(se)”, *TRE* 13, 416-129.
- 7 Heinrich Faulenbach, “Einleitung”, Faulenbach und Busch, *Bekenntnisschriften*, 8.
- 8 Vir ’n goeie theologies-historiese uiteenstelling van die werk van die standpunt van Zwingli, sien Andresen, *Handbuch* 2, 167-197. Sien ook “Zwingli, Huldrych”, *EKL III*, 1948-1952.
- 9 Vir ’n inleiding en tekskritiese uitgawe, sien Eberhard Busch, “Zwinglis Thesen von 1523”, Faulenbach und Busch, *Bekenntnisschriften*, 68-101. Vir Zwingli se werk in Zürich, vgl. G.R. Potter, *Zwingli* (Cambridge: Cambridge University Press, 1976) 47 e.v., 98 e.v.
- 10 Sien *Die evangelischen Kirchenordnungen des XVI. Jahrhunderts herausgegeben von Dr. Jur. Emil Sehling, Weiland Professor in Erlangen fortgeführt vom Institut für evangelischen Kirchenrecht der evangelischen Kirche in Deutschland zu Göttingen* (Tübingen: J.C.B. Mohr, 1904 - ). Met hierdie versameling bronne is aan die begin van die 20ste eeu ’n aanvang gemaak. Sover bestaan dit uit 16 dele

kategismusse<sup>11</sup> en kerkboeke<sup>12</sup> bestudeer en onderskei word.<sup>13</sup> Konfessionele dokumente soos die *Tetrapolitana* is meer as die aaneenryg van teologiese standpunte of die samestelling van ekklesiologiese uitsprake. Dit is ook meer as die opeenstapeling van afsonderlike en betekenisvolle uitdrukkings. Daar lê in hulle 'n ekklesiologiese (d.w.s. teologiese en kerchistoriese) verband en singewing, 'n waarheid in eie reg, wat rus op die veronderstelling dat taal ook na 'n werklikheid buite homself kan verwys.

Hierdie artikel fokus op die *Confessio Tetrapolitana*. Met verwysing na die konteks van sy ontstaan is dit 'n poging om hierdie vroeë gereformeerde belydenis na die hart van sy bedoeling aan die orde te stel.

## 2. DIE RYKSDAG VAN AUGSBURG (1530) – KRUISPUNT VAN KONFESSIES

Die *Confessio Tetrapolitana* is oorspronklik gedurende Julie 1530 op die Ryksdag van Augsburg<sup>14</sup> aan die Visekanselier van die Heilige Romeinse Ryk, Balthasar Merklin oorhandig. Nadat Keiser Karel V (1500-1558)<sup>15</sup> 'n vredesverdrag met Koning Frans I (1494-1547) van Frankryk,<sup>16</sup> sowel as 'n ooreenkoms met Pous Clemens VII (1478-1534)<sup>17</sup> beklink het, was sy hande los om aan twee brandende kwessies aandag te skenk, naamlik die bedreiging van Islam uit die ooste en die interne religieuse konflik.<sup>18</sup> Hy kón dit nie ontyk nie, omdat sy drie lewenslange vyande – Frans I van Frankryk, Martin Luther (1483-1564) van Wittenberg en Sultan Suleiman die Pragtige (1494-1566) – in die Europese sintese nie net mense nie, maar veral ook magte ontbondel het. Van binne uit is hierdie Christelike teokrasie onder hooglopende spanning geplaas. Die tradisionele "Weltanschauung" waarmee die Europese kultuur hom met die Rooms-Katolieke Kerk verbind het, is grondig bevraagteken. Die Skolastieke Teologie, waarin God as 'n gedagte of begrip beredeneer is,<sup>19</sup> en die mistieke vroomheid waarmee dit versoen is met die klem op die

11 Ten opsigte van die kategismusse kom die versamelwerk (9 Bande) van Reu handig te pas. Vgl. J.M. Reu, *Quellen zur Geschichte des kirchlichen Unterrichts in der evangelischen Kirche Deutschlands zwischen 1530 und 1600* (Hildesheim/New York: Olms Verlag, 1976). Oorspronklik is hierdie versamelung tekste in 1904 in Gütersloh by C. Bertelsmann gedruk.

12 Sien bv. Hannalore Jahr, *Studien zur Überlieferungsgeschichte der Confessio de foi von 1559* (Neukirchen-Vluyn: Neukirchener Verlag, 1964).

13 Van die beste in hierdie verband is W.H. Neuser, "Dogma und Bekenntnis in der Reformation: Von Zwingli und Calvin bis zur Synode von Westminster", in Andresen, *Handbuch* 2, 167 e.v. Sien ook H. Kluetung, "Die reformierte Konfessionsbildung als 'negative Gegenreformation'", *ZKT* 109, 1998/2, 167-199; *Ibid.*, 1998/3, 306-327. Sien verder P. Jacobs, *Theologie Reformierter Bekentnisschriften in Grundzügen* (Neukirchen: Neukircher Verlag, 1959).

14 Vgl. hiervoor die nog altyd leesbare L. von Ranke, *Geschichte der Reformation* (Wien: I.M. Phaidon-Verlag, s.d.), 568 e.v.

15 Sien "Karl V., Kaiser", *TRE* 17, 635-644.

16 Sien "Franz I, König von Frankreich", *TRE* 11, 385-389.

17 Sien "Clemens VII, Papst", *TRE* 8, 98-101; "Clemens VII", in P. Levillain (Ed.), *The Papacy. An Encyclopedia*, 1 (New York & London: Routledge, 2002), 343-346.

18 Sien hiervoor Von Ranke, *Reformation*, 510 e.v. Vir die spanning en oorloë met Islam, *ibid.*, 551 e.v., 645 e.v., 799 e.v. Sien ook R. Lockyer, *Habsburg and Bourbon Europe 1470-1720* (London: Longman, 1974) 214 e.v. vir die spanning tussen Frans I en Karel V. Vir 'n oorsig van die lewe van Karel V, sien R. Ergang, *Europe. From the Renaissance to Waterloo* (Lexington, Massachusetts: D.C. Heath and Company, 1967), 146-175.

19 Sien hiervoor die hoofstukke "Kathedralen en katheders" en "Het einde van een illusie" in L. Praamsma, *De Kerk van alle Tijden* I (Franeker: Uitgeverij T. Wever B.V., 1979), 290 e.v., 308 e.v. resp.

Godsaanskoue, met name in die mis,<sup>20</sup> is fundamenteel onder die loep geneem. Van “gesag” en “begenadiging” kon nie meer gemotiveerde teologie gemaak word nie. Iets was besig om te gebeur. ’n Christelike sintese en verbandlegging met Europa was aan ‘t intuimel.<sup>21</sup>

Karel V het hom met die tradisionele imperiale tradisie en teokrasie vereenselwig en het aan die Kerk van Rome vasgehou.<sup>22</sup> Hy het hom gevolglik nie vir ’n Konsilie, waarop die kontemporêre teologiese vraagstelling en problematiek uitgeklaar kon word, laat vind nie.<sup>23</sup> Diegene verantwoordelik vir die “irrthumb und zwyspalt ... im heyligen glauben und Christlicher Religion”,<sup>24</sup> moes hulle op die Ryksdag kom verdedig. Daarom het die gesante van die genoemde vier stede hulle voorberei om die politieke implikasies van die keuse vir die reformatoriese teologie te verdedig. Dit was ’n verrassende wending vir die protestantse afgevaardigdes toe Karel V skerp op die religieuse kwessies ingekom het. Daar moes inderhaas ’n skuff van ’n voorgenome polities-religieuse verdediging na ’n (apologetiese) geloofsverantwoording gemaak word.

Die Keiser was ook nie oningelig oor die protestantse teologie nie. Die briljante humanis en Roomse teoloog Johann Eck (1486-1543)<sup>25</sup> het hom reeds in Maart 1530 voorsien van 404 Artikels,<sup>26</sup> waarin die reformatoriese teologie geweeg en as dwaling uitgemaak is. Hy kon 386 ketterye aandui, en die tradisionele Roomse standpunt in 24 konfessionele teses stel. Hierdie Artikels,<sup>27</sup> waarin die standpunte van onder andere Bucer (1491-1551), Capito (1478-1541), Ambrosius Blarer (1492-1564), Zwingli en Luther afgewys word, is niks anders nie as ’n eietydse gefundeerde apologie vir die Kerk en teologie van die Ryk, en ’n pleidooi vir die behoud van van die ekklesiologiese oorlewering en Tradisie. Dit is voor die einde van Mei 1530 gepubliseer en het algemene besit geword.

Die reformatoriese afgevaardigdes moes dus vinnig maak. Vir die Lutherse oortuiging het Melanchthon (1497-1560)<sup>30</sup> ’n toonaangewende rol gespeel om die bekende *Confessio Augustana*<sup>31</sup> te formuleer. Dit is op 25 Junie 1530 aan die Keiser voorgedra en sou die “theological cornerstone

20 Sien hiervoor bv. D. MacCulloch, *Thomas Cranmer. A Life* (New Haven & London: Yale University Press, 1996), 284-291, 489 e.v.

21 Vgl. die uitstekende boek van D. MacCulloch, *The Reformation* (New York: Viking, 2004) in hierdie verband.

22 Vir die manier waarop Karel V die teokrasie vergestalt het, sien S. Ozment, *The Age of Reform 1250-1550. An Intellectual and Religious History of the Late Medieval and Reformation Europe* (New Haven & London: Yale University Press, 1980), 245-260. Ozment merk op dat “Charles’s election revived the medieval idea of a universal emperor, both in Charles’s mind and in those of his enemies. In the imperial mythology of the Middle Ages, the emperor represented God’s justice on earth; he enforced peace in both secular and ecclesiastical realms.” *Ibid.*, 253.

23 Sien hiervoor Karl Hofmann, *Die Konzilsfrage auf den Reichstagen von 1521-1524* (Heidelberg, 1932).

24 Neuser, “Confessio Tetrapolitana” in Faulenbach und Busch, *Bekenntnisschriften*, 456, reël 9. Voortaan word hierna verwys as CT (*Confessio Tetrapolitana*) met bladsy en reël nommer.

25 Vir hom sien “Eck, Johann”, *TRE Bd. XI* (1/2), (1981), 249-258. Sien ook E. Iserloh (Hg.), *Johannes Eck (1486-1543) im Streit der Jahrhunderten* (Münster: Aschendorffsche Verlagsbuchhandlung, 1988).

26 Sien W. Gussmann, *Quellen und Forschungen zur Geschichte des Augsburgischen Glaubensbekenntnisses Bd. 2 D. Johann Ecks vierhundertundvier Artikeln zum Reichstag von Augsburg 1530* (Leipzig, 1930).

27 Vir hom, sien “Bucer”, *EKL 1*, 596 e.v.

28 Vir hom, sien “Capito”, *EKL 1*, 667; “Capito, Wolfgang”, *TRE 7*, 636-640.

29 Vir hom, sien “Ambrosius Blarer”, *EKL 1*, 573.

30 Vir Melanchthon se teologiese standpunt, sien R. Seeberg, *Lehrbuch der Dogmengeschichte IV/2* (Darmstadt: Wissenschaftliche Buchgesellschaft, 1959), 420-480.

31 Sien in hierdie verband W. Gussmann, *Quellen und Forschungen zur Geschichte des Augsburgischen Glaubensbekenntnisses Bd. 1/1 Die Ratschläge der evangelischen Reichsstände zum Reichstag von*

for a new branch of Christendom” word.<sup>32</sup> ’n Handvol dae later, op 8 Julie 1530, is onder die teksvers Matteus 11:28 *Ad Carolum, Romanorum imperatorem, Germaniae comitia augustae celebrantem Fidei Huldrychi Zwingli ratio*<sup>33</sup> as ’n standpunt uit die suidelike dele van die Ryk ingedien, ’n dag voordat die *Confessio Tetrapolitana* oorhandig sou word. Omdat die protestante nie kon ooreenkoms om die *Confessio Augustana* te onderskryf nie (die kern van die probleem was die artikel oor die teenwoordigheid van Christus in die nagmaal)<sup>34</sup> moes Wolfgang Capito (1478-1541) en Martin Bucer (1491-1551)<sup>35</sup> van Straßburg,<sup>36</sup> nadat die *Augustana* reeds ingedien was, ’n eie en genuanseerde konfessionele oortuiging op skrif stel. So is beslag gegee aan die *Tetrapolitana*. Bucer en Capito het die *Confessio Augustana* geraadpleeg.<sup>37</sup> Maar, ook die geskrifte van Capito *Copey eins uszschribens aller newerung halb en Kurzen summ aller lere und Predig* was voorhanden. Anders as die *Augustana* is die *Tetrapolitana* in ’n samehang, eerder as ’n sistematisiese uiteensetting gestel. En, op 9 Julie 1530 in besit van die Visekanselier geplaas.

Ondertussen het ’n aantal Roomse teoloë, waaronder Johann Eck, ’n *Confutatio Confessionis Augustanae* die lig laat sien. Die *Confutatio*, wat bedoel was om die *Confessio Augustana* te troef,<sup>38</sup> is gedurende Augustus 1530 aan die Keiser voorgehou. Hy het dit as sy oortuiging aanvaar. Benewens die *404 Artikels* het daar uit Rooms-Katolieke oogpunt dus nog ’n belydenis bygekom. Die stad Augsburg was gevvolglik gedurende 1530 die kruispunt van meer as een konfessionele dokument. Hierin lê die kerkhistoriese betekenis van die Ryksdag. By Augsburg het die Europese Kerk, wat hom eeue te vore met Rome verbind het, konfessioneel uiteengeloop. Wat Capito<sup>39</sup> en Bucer<sup>40</sup> in aller yl as ’n konfessie in 23 hoofstukke op skrif gestel het, staan teologies en kerkhistories in verband met hierdie kruispunt in die geskiedenis van die kerk in Europa. Die onmiddellike teologiese konteks van die *Tetrapolitana* is die tydgenootlike konfessies.

### 3. DIE VERANTWOORDING VAN DIE *CONFESSIO TETRAPOLITANA*

Soos opgemerk, is die *Tetrapolitana* in Julie 1530 aan die Visekanselier van die Ryk besorg. Die Keiser het dit egter nie persoonlik aangehoor nie. Die belydenis is ’n jaar later, in 1531, in Straßburg gedruk. In die inleidende voorwoord gee die opstellers allereers rekenskap. Die

Augsburg, *Untersuchungen* (Leipzig, 1911), 21-46, 367-387. Vgl. ook die historiese kommentaar op die *Confessio Augustana* van W. Maurer, *Historical Commentary on the Augsburg Confession* (Philadelphia, Fortress Press, 1986). Sien ook H. Meyer & H. Schütte (Hg.), *Confessio Augustana. Bekenntnis des einen Glaubens. Gemeinsame Untersuchung Lutherischer und Katholischer Theologen* (Paderborn: Bonifacius-Druckerei, 1980.); ‘*Confessio Augustana*’ *TRE Bd. IV* (1979), 616-628. Vgl. ook B. Lohse, “Die Bildung von Bekenntnissen”, in Andresen, *Handbuch 2*, 81 e.v.

32 MacCulloch, *Reformation*, 174.

33 Vir ’n inleiding en tekskritiese uitgawe van die *Fidei Ratio*, sien W. H. Neuser, “Zwinglis ‘Fidei ratio’ von 1530” in Faulenbach und Busch, *Bekenntnisschriften*, 421-446. Vir ’n kort maar beredeneerde behandeling van Zwingli se teologie en invloed, sien W. Balke, W. van ’t Spijker, C.A. Tukker & K.M. Witteveen, *Zwingli in vierderlei Perspectief*, (Utrecht: Uitgeverij De Bannier, 1984).

34 Vgl. hiervoor B. Lohse, “Der Streit um das Abendmal” in Andresen, *Handbuch 2*, 46-63.

35 Sien vir hom M. Greschat, *Martin Bucer. Ein Reformator und siene Zeit* (München: Verlag C.H. Beck, 1990).

36 Vir die stad waarin beide reformatore as predikante gewerk het, sien “Straßburg”, *RGG V*, 839 e.v.

37 CT, 490, reël 27-28.

38 Sien “*Confutatio*”, *TRE Bd. IV* (1979), 628-632.

39 Vir hom sien J.M. Kittelson, *Wolfgang Capito. From Humanist to Reformer* (Leide, 1975); O.E. Strasser, *La pensée théologique de Wolfgang Capito dans le dernières de sa vie* (Neuchatel, 1938).

40 Vir Bucer sien Andresen, *Handbuch 2*, 209-224.

*Christlicher leer und glaubens Bekantnus* is gerig aan die “Allerdurchleuchtigster, Großmachtigster, Unüberwindlichster Romischer Keyser, Gnädigster Herr.”<sup>41</sup> Hiermee word die politieke bedeling en die keiserskap van Karel erken. Iets wat in die destydse Europa nie meer noodwendig was nie. Daarom is hierdie opmerking van soveel betekenis. Die uitgesproke bedoeling is “zu hinlegung der irrthumb und zwyspalt, so sich im heyligen glauben und Christlicher Religion ein zeit inher in Teutscher Nation erhalten haben ...”<sup>42</sup> Die Keiser self wou immers die uiteenlopende standpunte “in schrift stellen und überantworten, damit diese irung und zwyspalt desto besser vernommen und erwegen, auch zu besserm Christlicherm wesen desto schleüniger widerbracht und verglichen werden.”<sup>43</sup> Daarom het “unsere gesandten durch etliche unsere Prediger ... eyn kurtz Summari der leren en predigen ... alß im heiligen Evangelio und gotlicher schrift gegrundet ... zu Teutsch und Latein in Bekantnuß weiß, wie das in eil und der kurtzen zeit, die hiezu geben ward, hat beschehen mogen ...”<sup>44</sup>

Bowendien het, word aangeteken, “etliche Doctores deß gegenteyls gestellet<sup>45</sup> ... und alles on grund der schrift mit unbestendigen, nichtigen ursachen verleget.”<sup>46</sup> Vir die vier stede is dit van groot belang om hierdie aanklag as ongegronde verdagmakery bloot te lê. Kennelik het hulle hulle oog op die *Confutatio Confessionis Augustanae*. “Und die gelerten deß gegenteyls in ihrer Confutationsschrift eben vil, das doch in unserer Confession nie erlautet.”<sup>47</sup> Daarom is “unsere Confession sampt eyner verantwortung und bevestigung derselben, die wir unsere prediger haben stellen lassen, in truck zu geben, und also die Christliche warheit, so unß der allmachting Gott auß seiner grundtlosen barmhertzigkeit on allen unsern verdienst mitgeteylet hat.”<sup>48</sup> Hiermee verdedig hulle hulle ook teen die valse aanklag “alß ob wir uns von gemeyner Christelichen Kirchen abgesundert, von warem glauben in die aller argsten Kezereyen gefallen und auß eygenem frevel uns der gehorsame Keyserlicher Majestat, unsers allergnadigsten Herrens, entzogen hetten.”<sup>49</sup> Dit is 'n vertekende en valse beeld. Daarom, so verantwoord die *Tetrapolitana* homself, op grond van die heilige Bybel, word “unsere Confession sampt eyner verantwortung und bevestigung derselben” in die openbaar gepubliseer.<sup>50</sup>

Die voorwoord wys op nog 'n derde rede wat as begronding dien vir die formulering van die geloof soos dit in die reformatoriële standpunt van die vier stede tot uitdrukking kom. Met verwysing na die tweede Ryksdag van Nürnberg (einde 1522/23) herinner die stede daaraan dat daar toe bepaal is dat, totdat 'n vrye Konsilie saamgeroep is “das heilig evangelium nach auslegung der schriefften, von der christlichen kirchen approbit und angenommen”, gepreek moet word.<sup>51</sup> Dienooreenkomsdig het 'n stad soos Straßburg op 1 Desember 1523 die mandaat om die

41 CT, 459, reël 6, 7.

42 CT, 456, reël 8 e.v. Vir die keiserlike bevel om 'n Ryksdag saam te roep, sien K.E. Förstemann, *Urkundenbuch zu der Geschichte des Reichstags zu Augsburg, Bd. I Von dem Ausgange des kaiserlichen Ausschreibens bis zur Übergabe der Augsburgischen Confession* (Halle, 1833), 308 e.v.

43 CT, 456, reël 17 e.v.

44 CT, 456, reël 22 e.v.

45 CT, 456, reël 38.

46 CT, 457, reël 4.

47 CT, 456, reël 40, 457, reël 1 e.v.

48 CT, 457, reël 5 e.v.

49 CT, 457, reël 10 e.v.

50 CT, 457, reël 2-15.

51 Sien CT, 460, voetnoot 6. Sien ook *Deutsche Reichstagakten*, Jüngere Reihe, hg. Durch die Historische Kommission bei der Bayerischen Akademie der Wissenschaften: Deutsche Reichstagsakten unter Karl V., Bd. 3 bearb. V. Adolf Wrede, Stuttgart, 1901, Nachdr. Göttingen 1962, 764.34-747.1.

evangelie te preek aanvaar en is die mis in 1529 verbied.<sup>52</sup> In Junie 1526 het Konstanz amptelik die reformatoriële teologie aanvaar.<sup>53</sup> In hierdie en ander stede<sup>54</sup> “demnach in etlichen artickeln Christlicher lere, mißhelligung, zwischen gelerten entstanden, und das volck bei uns durch widerwertige predigen gefärlich gespalten ward,”<sup>55</sup> is dit noodsaklik om die geloof uitdruklik te bely. Dit is dus duidelik dat dit hier om ‘n belydenis van die geloof in eie reg gaan.

Teen hierdie agtergrond kan daar nou ‘n toes�sing op die *Tetrapolitana* self gemaak word. Dit is egter nie afgestem op ‘n blote weergawe van die inhoud of die struktuur van hierdie belydenis nie, maar op wat daar werklik staan, op ‘n onthulling van die eintlike bedoeling. Op die grondaak wat in die belydenis verwoord is en waarin hierdie belydenis homself onderskei het van die tradisionele teologie soos dit in die *Confutatio en 404 Artikels* uitgedruk is. Dit veronderstel ‘n teologies-kritiese lees en begrip van die belydenis, soos hy homself aanbied. ‘n Noukeurige vergelyk met die ander belydenisse wat by die Ryksdag in Augsburg gedurende 1530 gedien het, staan voorlopig oor om in ‘n opvolgartikel behandel te word.

Vir die doeleindeste van hierdie artikel is drie vroeë aan die *Tetrapolitana* gevra: Watter sake word deur die belydenis self as ‘n verskil met die Rooms-Katolieke oortuiging aangedui? Waarop word dit begrond? Hoe druk die *Tetrapolitana* hom uit oor die effek van dit wat hy bely? Hierdie drie vroeë staan in direkte verband met die allesbepalende saak waarmee die politieke en kerklike pogings om die behoud van die Europese sintese hulle besig gehou het. Die Rooms-Katolieke Kerk en die Christelike geloof het immers ‘n beslissende rol in hierdie sintese gespeel. Daarom is die antwoord op hierdie vroeë aanduiding van die kontekstuele relevansie van die *Tetrapolitana*. In die voorwoord en inleiding tot die belydenis word ‘n paar keer opvallend verwys na Christus as “ons Here en Heiland,”<sup>56</sup> “unserm erloser Jesu Christo,”<sup>57</sup> “unsers heylands.”<sup>58</sup> Agter hierdie uitdrukkings lê die theologiese relevansie van die *Tetrapolitana*. Die konfessionele uiteenloop van die kerk in Europa het hom in die soteriologie op sy duidelikste gewys. Die vraag na wat hierdie belydenis van Christus bely, is ‘n kernsaak en moes gevoglik ook aandag kry.

#### 4. DIE GROND WAAROP VERSKIL WORD VAN DIE ROOMS-KATOLIEKE OORTUIGINGS

In die *Tetrapolitana* word, om mee te begin, nie iets nuuts bely nie. Daarvan is die belydenis bewus. Daarom word helder en met oortuiging gestel “das wir uns keyner anderen, denn der recht waren leer Christi, unser erlosers, anhengig gemacht haben.”<sup>59</sup> Die ware leer van Christus egter – en hier lê ‘n wissel – is “nichts dann was in gottlicher schrift begriffen, oder daraus seinen grund hat, welchs auch aller heiligen vatter und leerer meinung ist.”<sup>60</sup> Die Skrif is gevoglik die grond vir

52 Sien J. Adam, *Evangelische Kirchengeschichte der Stadt Straßburg bis zur Französischen Revolution* (Straßburg, 1922), 57.

53 B. Moeller, *Johannes Zwick und die Reformation in Konstanz* (Gütersloh, 1961), 97.

54 Vir die manier waarop mense in stede deur die reformatoriële teologie aangespreek is, sien S.E. Ozment, *The Reformation in the Cities. The Appeal of Protestantism to Sixteenth-Century German and Switzerland* (New Haven/London: Yale University Press, 1975).

55 CT, 460, reël 16 e.v.

56 CT, 457, reël 25: “vor allem unserm herren und heyland Jesu Christo ...”

57 CT, 459, reël 28-29.

58 CT, 459, reël 23.

59 CT, 460, reël 11 e.v.

60 CT, 460, reël 20 e.v. Vgl. ook die volgende: “yn welchen unsere Prediger, auß gottlicher schrift verursacht, etwas von gemeiner leer abtreten seind.” CT, 490, reël 23-24. “From und gerecht” deur die geloof, merk die *Tetrapolitana* op, berus op die Skrif: Joh. 1:12, 13, Matt. 11:27, Matt. 16:17, Joh. 6:44. Efes. 2:8-10. CT, 462, reël 29, 31, 32, 34, 35; 463, reël 1.

die verstaan, bediening van en lewe uit die Christelike evangelie. Net soos dit in die vroegste kerk die geval was. Dit gaan hier dus om niks anders nie as 'n terugkeer na die bron van die kerk se bestaan, dit wil sê, na die Skrif. Die Skrif is die verband met die kerk van alle eue. By die *Tetrapolitana* skuif die Skrif dus in die plek van die Christelike tradisie en die geïnstitueerde kerk met haar gevoldmagtige ampstruktuur en liturgie. In die Westerse Christendom was dit niks minder nie as 'n fundamentele skuif nie. Die groeiende tweespalt moet dus teruggevoer word na die uiteenlopende siening van die Skrif en sy gesag.

Sonder om 'n dogmatiese leer oor die Skrif daar te stel, is die *Tetrapolitana* duidelik oor die gesag, die betekenis en die mag van die Bybel. Diegene wat in die krisis van vertwyfeling en bevraagtekening as gevolg van die onsekerheid en verdeeldheid (*zweyung*) in geloofsaake beland, kan derhalwe altyd hulle toevlug na die gesag van die Skrif – om hierdie rede – neem. Hierbenewens is dit wat in die vier stede aanvaar word oor die amp, die gesag en waardigheid van die geestelikes en die kerk ook uit die Skrif.<sup>61</sup> Die stede is tewens so oortuig van hierdie saak, dat hulle hulle gereed verklaar om terug te keer na die tradisionele Rooms-Katolieke geloof, om weer soos die een verlore skaap ingebring te word, indien hulle standpunt as 'n dwaling uit die Skrif aangedui kan word. "Solche mittel aber werden nit wol andere sein mogen, dann das wir in mißhellenen puncten durch gottlich schriftt der warheyt gnugsam berichtet wurden."<sup>62</sup> Maar, gehoorsaamheid aan God beteken vir hulle die bereidheid om te ly en selfs te sterf. Dit is nie 'n om 't ewe saak nie.

Die konfessionele verskille met die tradisie wortel dus op 'n onwankelbare oortuiging dat die Skrif as openbaring van God daaroor die laaste sê het. En, dat die vier stede gewoon gevolg gee aan hierdie laaste sê. Daarom skerm die *Tetrapolitana* ook nie om die verskille by die naam te noem nie. In die belydenis tree dit onomwonde aan die lig. Dit word in die ooppe gebring, al hang die bedreiging van fisiese vervolging daaroor. Niks word met mooi woordjies toegedeck nie.

## 5. KONKRETE SAKE WAAROOR 'n DUIDELIKE VERSKIL IS

Die *Tetrapolitana* is uiteraard bewus daarvan dat daar "etwas vorurteils wider uns ..." <sup>63</sup> bestaan omdat die vier stede "so etwas von gemeynem brauch abgetreten" <sup>64</sup> het. Die vraag is nou natuurlik ten opsigte van watter sake daar weggetree, op 'n afstand gaan staan is? Oor die manier hóé die mens deel kry aan die verlossing van Christus,<sup>65</sup> skryf die *Tetrapolitana* in die eerste plek, het ons predikers "etwas abgewichen"<sup>66</sup> van wat algemeen en tradisioneel in die Skolastieke Teologie geleer is.<sup>67</sup> Nadat vir "vyl iar eyner fürgeben ist" dat die mens "from und gerecht werde" op grond van sy "eygene werck, auß eygnen krafft herkommen, erfordert werden,"<sup>68</sup> het die vier stede nou

61 CT, 477, 23-25.

62 CT, 492, reël 15 e.v.

63 CT, 460, reël 5.

64 CT, 459, reël 31, 32.

65 Vir 'n bondige oorsig van die leer van die regverdiging in die reformatoriese belydenisskrifte, sien G.C. Berkouwer, "Justification by faith in the reformed confessions", in D.K. McKim (ed.), *Major Themes in the Reformed Tradition* (Grand Rapids, Michigan: Eerdmans, 1992), 132-141.

66 CT, 462, reël 15. Sien ook *ibid.*, reël 13 e.v.: "In den stucken aber, wie wir der erlosung Christi teilhaftig werden, ... sind unsere prediger ... etwas abgewichen."

67 Vgl. voetnoot 17, CT, 462. Vir 'n goeie uiteensetting van verlossingsteorieë sedert die 13de eeu, sien Ozment, *Age of Reform*, 22-42.

68 CT, 462, reël 23.

van die teendeel oortuig geraak: dit kom alles uit die louter guns van God alleen. Dit moet aan die verdienste van Christus toegeskryf word.<sup>69</sup> Dit word deur die geloof ontvang, maar nie daardeur bewerk nie.<sup>70</sup> Hiermee word 'n eeue-oue uitgangspunt, naamlik dat die mens ten minste mede-eienaarskap van sy verlossing deur goeie werke moet aanvaar, fundamenteel opgeskort. Dit impakteer selfs op die bestaan van invloedryke en aanvaarde samelewingsinstellings, soos byvoorbeeld die kloosters, wat geskoei was op die lees van menslike geregtigheid en goeie werke. In die vier stede is hierdie instellings se bestaansgrond ontbloot en van sy krag ontnem. Daarom wys die *Tetrapolitana* - om hierdie Skriftuurlike rede – die kloosterwese af.<sup>71</sup>

In die vier stede bind die predikers ook nie die gewetens van mense aan voorskrifte wat uitgevoer moet word ten einde die vergiffenis van sonde te verkry nie. Boetedoening en restitusie, wat so diep ingeslaan het in die Europese samelewings, en wat 'n magtige kerklike hefboom op menselewens geword het, word van sy krag ontnem. Die boetedoening aan die kruis was – en is – volkome. In hierdie verband word die populêre geloofsbeoefening en boetepraktekye rondom vas dus onttroon en afgewys. Dit gaan immers om die vryheid in Christus.<sup>72</sup> Dieselfde geld ten opsigte van die bieg. In die bieg gaan dit oor egte berou, wat op grond van Christus se verdienste ontvang word, en nie bewerk kan word in die gehoorsaamheid aan menslike verordeninge en reëls nie.<sup>73</sup> Teen die grein van die evangelie in bring dit mense noodwendig onder die juk van 'n swaar vertwyfeling.<sup>74</sup>

Dit is 'n uitgemaakte saak dat niemand, selfs nie die amp nie, en ook nie die kerk nie, enige gesag het om wette en seremonies, wat in Christus vervul is, steeds op mense af te dwing nie.<sup>75</sup> "Kein satzung oder ordnung," stel die *Tetrapolitana* dit, "sol unter die ihenigen menschen satzungen getzelet werden, welche die schrift verdammet, dann allein die, so dem gesatz Gottes entgegen seindt."<sup>76</sup> Die orde van Christus is gebaseer op die liefde en verstrik nooit die gewete in enige menslike wette wat nie uit die Skrif opkom nie.<sup>77</sup>

Nog 'n verskil lê in die godsdienstige praktekye "von anrufung und vereerung der heiligen."<sup>78</sup> In die betrokke stede word geen ander bemiddelaars van die heil – met name die maagd Maria of ander heiliges – erken nie. Hulle het nie werklik enige verdienste om by Christus in te tree nie. Christus is die enigste Heiland.<sup>79</sup> In aansluiting hierby bely die *Tetrapolitana* dat ook die aanbidding van beeld nie meer in die beoefening van die godsdienst 'n plek het nie.<sup>80</sup> So vind die

69 CT, 462, reël 23 e.v.

70 CT, reël 25.

71 CT, 472, reël 22 e.v.

72 CT, 469, reël 6 e.v. "Nun so dann Paulus wil, die freyheyt, in die uns Christus durch seinen tod gesetzt hat, sei so groß, das doch gar nicht gebüre, auch denen Ceremonien, die Gott selb durch Mosen geben hat, uns zuverbinden, darumb das uns nun mer der gesit Christi, der innerlich meister, also furen und treiben sol, das uns solche kindergebott, so nur von eusserlichen weltlichen dingen geben seind, nicht nützlich sein konden, und das auch gar nieman gezimme, den gewalt gegen uns furzunemmen, das solche Cerimonien von uns erforder." *Ibid.*, 469, reël 14 e.v.

73 CT, 485, 1 e.v.

74 Vgl. CT, 485, reël 23-25: "So dann nur Gott rew und leid geben kan, mag in solcher sach durch die menschen mit gebotten nichts fruchtbars gehandelt werden. Das hatt leider die erfahrung nur su vil an tag bracht."

75 CT, 469, 23 e.v. Iewers skryf die *Tetrapolitana* "das in der kirchen keyn gewalt ist, dann nur zur besserung." CT, 475, reël 12 e.v.

76 CT, 477, reël 28 e.v.

77 Sien CT, 478, reël 15 e.v.

78 CT, 471, reël 25.

79 CT, 471, reël 30 e.v.

80 CT, 487, reël 4 e.v. Die argument is dat dit mensewerk is. Mensewerk is nie in staat om 'n persoon óf by Christus óf by die ware aanbidding van Christus te bring nie.

ondenkbare plaas. In enkele woorde gooi die belydenis alle bygelowige en diep gevestigde konsepte en vertroude religieuse praktyke om.

Laastens laat die *Tetrapolitana* hom vind vir 'n ander begrip van die kerk.<sup>81</sup> In hierdie belydenis is die grondslag vir die kerk die verkondiging van die Woord, soos Romeine 10 dit uitspel. Volgens hom gaan dit om die weiding en versorging van die kudde van Christus, deur middel van die leer en prediking van die Woord. Dit is deur Christus so bepaal "etwas zur auffbauung an Gottes dienst fürtragen wurde."<sup>82</sup> Dit is die evangelie. In die samekomste word Psalms gesing, die Skrif gelees, gepreek en gebede gebid. Dit is die praktiese gestalte van die ware leer. Vir bygeloof is daar nie meer plek nie. Hierdie orde is ook nie meer op 'n verdienstelike basis gebou nie.<sup>83</sup> In aansluiting hierby is die mis ook uit die samekomste wegelaat. "Daher dann die Meß ein solich werck worden, durch welches man zum aller fürderlichsten und gewissensten den gunst Gottes und alles heil erlange, daneben nit hoch geacht, wie man glaube oder lebe."<sup>84</sup> Die *Tetrapolitana* is uitgesproke op hierdie punt: Christus word nie aan die Vader in die mis geoffer nie. Die Skrif weerlê dit.<sup>85</sup>

Die *Tetrapolitana* is verrassend konkreet in die aanduiding en verantwoording van die verskille wat tussen hierdie stede en die Rooms-Katolisme ontwikkel het. Die geloof waaraan die Bybel gevolg gee, het 'n historiese kant. Dit het effek. Maar, vergeleke met die tradisionele oortuigings, loop dit op 'n ander praktyk uit.

## 6. DIE PRAKTISE EFFEKK

Omdat die ware Christelike leer hom op die Skrif grond, voer die *Tetrapolitana* aan, word dit in die praktyk van 'n ordelike en rustige lewe sigbaar. Die Rooms-Katolieke beskuldiging dat die leer van die vrye genade alleen die teologies-etiese en kerklike grondslag uit die samelewing wegskeur en alles aan loss skroewe laat hang, is nie van toepassing nie. Trouens, die tradisionele leer van die verdienste van die saligheid deur goeie werke is nie 'n kragtige middel om 'n ordelike gehoorsame samelewing te waarborg of in stand te hou nie. Dit mag hom voordoen as 'n baie sterk en effektiewe hand waarmee die openbare lewe in takt gehou word, maar dit rus op 'n valse voorveronderstelling wat die regering en orde van die lewende Christus na die kroon steek. In die samelewing, so trek die *Tetrapolitana* sonder omhaal van woorde sy konsekvensie, hou Christus sy orde self in stand.

Deur die prediking van die heilige Skrif het die saligheid van God, waarna hulle gehunker het, en die leer van Christus wat aan hulle sekerheid gegee het, in die inwoners van die vier stede se lewens tot uitdrukking begin kom. Net soos hulle hulle afgewend het van wat by die Christelike leer bygemeng was, so is hulle bevestig in dit wat daarmee in ooreenstemming was. Hierdie ommekeer was ook 'n openbare aangeleentheid. Christus bou sy kerk op en Hy heilig sy kerk "mit allerley geschmuck der tugenden ziere."<sup>86</sup> Hierdie "versiering" stoel op en groei uit die verdienste van Christus. Die "heyl und frumbkeyt" op grond van die verdienste van Christus bestaan nie in blote gedagtes nie of in 'n geloof wat sonder lewe is nie, "welchen man eyn ungestalten glauben

81 CT, 478, reël 8 e.v.

82 CT, 476, reël 16.

83 Sien in hierdie verband CT, 486.

84 CT, 483, reël 6-8.

85 CT, 483, reël 19.

86 CT, 462, reël 6-7.

nennet.”<sup>87</sup> Dit vind beliggaming in die liefde<sup>88</sup> wat deur die werking van die Gees van Christus kom. So beloon God in ons sy eie werk, soos Augustinus gesê het.<sup>89</sup> Hierdie werke maak die mens nie volkome nie, en – teen die tradisie in – regverdig hom ook nie.<sup>90</sup> Dit is vrug van die geloof. “Solche frucht seind fürnemlich tapfere bekanntnuß der warheit, ein ware lieb, sich menigklich zu dienst darbiettend, und manliche verachtung aller ding.”<sup>91</sup>

’n Christenmens se amp is om alles tot nut van sy naaste te doen, veral met die oog op die naaste se saligheid, “fürnemlich aber zum ewigen leben.”<sup>92</sup> Dit wil sê, om God te ken, om Hom te dien “und sich ihm anlich machen, und demnach auch in anderen dingen, welche der brauch dises lebens erfordert, von uns rathet und hülff habe.”<sup>93</sup> Dit gaan hierin om die uitvoer van God se bevele.<sup>94</sup> Hierin skuil geen sweempie van verdienste nie, selfs al realiseer dit in sake soos vas en gebed. Dit kan dus nie afgedwing word nie “und do mit die gewissen zur sünd zuverstricken.”<sup>95</sup> Dit is die vergestalting van ’n begenadige vrye lewe, binne die orde wat Christus in stand hou.

Hierbo is drie vrae aan die *Tetrapolitana* gevra: Op watter punte verskil die belydenis van die tradisionele geloofsopvatting, watter gronde bied die belydenis daarvoor aan en hoe spreek die belydenis hom uit oor die praktiese kant van sy oortuigings. Uit die antwoorde kan min of meer ’n duidelik opmeting van die teologiese ligging van die *Tetrapolitana* gemaak word. Skrifkennis en Skrifgehoorsaamheid gee klaarblyklik gevolg aan ’n lewenspraktyk wat in ’n nuwe uitskyk én inkyk op die eksistensiële werklikheid uitloop. In die vier stede is anders geleef en gedink. Die belydenis is konkreet en dus kontekstueel relevant. En tog is daar meer daaraan. Die verwysing na Christus in die vertolkning van die verskille, die begronding daarvan en die effek wat dit ten opsigte van die lewe het, is ’n aanduiding dat daar ook gevra moet word na wat die *Tetrapolitana* dan van Christus bely? Die belydenis het immers die pretensie om huis van Hom iets te sê en staan dus direk – op sy eie getuienis af – met Hom in ’n verband.

## 7. VAN CHRISTUS

Van Christus word opvallend genoeg in die taal van die vroeg-Christelike Kerk toe sy gedurende die vierde en vyfde eeue gedwing was om die openbaring van Vader, Seun en Heilige Gees as Bybelse openbaring te handhaaf, gepraat. Christus is, so stel die *Tetrapolitana* dit dienooreenkomsdig, een wese met die Vader en die Heilige Gees.<sup>96</sup> Van Christus word bely dat Hy

87 CT, 463, reël 28. Vgl. ook die hele punt III van die *Tetrapolitana*, *ibid.*, 463-464.

88 CT, 465, reël 4 e.v.

89 CT, 465, reël 15. Die beroep op Augustinus is teologies en histories van groot belang, omdat daarmee kerkhistoriese gesag aan die konfessionele standpunt gegee is. Raadpleeg bv. in hierdie verband E.L. Saak, ‘The reception of Augustine in the later Middle Ages’, in I. Backus (ed.), *The Reception of the Church Fathers in the West. From the Carolingians to the Maurists*. Vol. I (Leiden, New York, Köln: E.J. Brill, 1997), 367-404. Sien ook I. Backus, ‘Ulrich Zwingli, Martin Bucer and the Church Fathers’, in *ibid.*, 627-660.

90 CT, 465, reël 22 e.v.; CT, 470, reël 4 e.v.; CT, 471, reël 5 e.v.

91 CT, 480, reël 3 e.v.

92 CT, 466, reël 7-8.

93 CT, 466, reël 9 e.v. Vgl. verder R.M. Britz, ‘Die versorging van die armes is die mandaat van die diaikens. Calvyn oor die Armes’ (Ongepubliseerde referaat voor die Suid-Afrikaanse Calvynnavorsing Kongres, 2004), 2 e.v.

94 CT, 466, reël 25 e.v. Neuser, CT, 467, reël 11 e.v.

95 CT, 467, reël 17. Sien ook *ibid.*, reël 25 e.v.; 468, reël 31 e.v.; 470, reël 1 e.v.

96 CT, 461, reël 18: “So die Christlich gmeyn bißher von der heiligen dreifaltigkeit geglaubt hat, nem, das Gottvatter, Sun, heiliger geyst, eyn wesen sind, und drei person, auch keyn andere, dann der personen teylung und unterscheyd annemen.”

God is. Maar, ook ware mens. “Das unser heyland Jesus Christus warer Gott, auch warer mensch worden ist, also das wol die naturen unvermischt, yedoch in eyner person also vereyniget sind, das sie nimmermer wider getrennet werden.”<sup>97</sup> Hierin kom die aansluiting by die formulering van die Konsilie van Chalcedon.<sup>98</sup> Ook met betrekking tot die “geheimnuß der menschwerding unsers heilands Jesu Christi”<sup>99</sup> kan daar geen misverstand wees nie, omdat die belydenis in ooreenstemming is met wat die Christelike kerk nog altyd geglo het. Die *Tetrapolitana* hou by bekende taal: Jesus Christus is van die Heilige Gees ontvang, “vond der heiligen jungkrawen Maria mensch geboren,” het na volbragte prediking aan die kruis gesterf, is begrawe en “und zur hellen hinab gefaren.”<sup>100</sup> Op die derde dag het Hy uit die dood in ’n onsterlike lewe opgestaan en nadat Hy dit bevestig het met baie argumente en voor getuies wat daarvoor verorden was, “gen himmel zur gerechten des vatters gefaren ist.”<sup>101</sup> Van hier word sy terugkoms verwag as Regter van die lewendes en die gestorwenes.

In die vier stede is daar dus vasgehou aan die belydenis van die Christelike Kerk van alle eue. Op hierdie punt verskil die *Tetrapolitana* byvoorbeeld ook nie van enige van die ander konfessionele dokumente wat in die Ryksdag voorgehou is nie. “In disem allem, und was hierauß volget, ist der unsernen leere nicht anders, dan das die H[eiligen] vatter und gemeiner verstand der Christen haltet.”<sup>102</sup> Oor die feitelikheid van die historiese empiriese menswording van Christus Jesus, en oor sy opstanding uit die dood, is daar nie twyfel by die *Tetrapolitana* nie. Hier is geen poging om tot ’n bo-historiese of buite-historiese hervertolking van die Christelike geloof te kom nie. Die ou spoor word gehou.

Christus se lewe en werk is ’n allesbepalende en omvattende (en historiese) verdienste.<sup>103</sup> Hy deel dit aan die mens mee. Daarvoor laat Hy Hom ken, “erkennen.” Die *Tetrapolitana* sorg nogals dat hierdie puntjie nie oorgesien word nie. Dit is te ver buite die bereik van die menslike vermoë van vlees en bloed om dit te bewerkstellig, word geskryf. Christus laat Hóm ken. Hiervoor is nodig, en skenk Hy, die wedergeboorte. Dit is hoe die Vader ons nadertrek na die Seun toe. So openbaar die Seun die Vader aan ons. Dit is hoe Christus nou, in die werklikheid, teenwoordig is. Hierdie “historiteit” (om dit so te noem) kan dus nie voorgestel word asof Hy rustig, ledig, swewend soos ’n soort energieveld om ons en oraloor teenwoordig is nie. Hy bly vry van enige vorm van materie, waarvan Hy die Skepper is. En, Hy werk steeds. Aan ons, met ons, terwyl Hy sy skepping onderhou. So kan ons “aus unfrommen und ungerechten, wie wir geboren seind, fromm und gerecht werden, nichts tun mogen ...”<sup>104</sup> Wat vir ons onmoontlik is, doen Hy. Hy is die begin van ons geregtigheid en vroomheid. “Aller unser frommkeyt und heyls” kom uit die barmhartigheid van God in “ansehens” van die dood van sy Seun. Dit is die leer van die waarheid en van die evangelie “nach dem er uns leut sendet, die uns das selbig verkundigen, anbeutet.”<sup>105</sup> So laat Hy die glans van sy lig in die duisternis van ons harte ontvlam, “damit wir dem gepredigten Evangelio glauben konden, jetz durch Gottes geist der warheyt satt beredt” waarin ons dan onmiddellik op grond van die getuienis van die Heilige Gees, die versekering van die evangelie

97 CT, 461 reël 21 e.v.

98 Vir Chalcedon, sien *TRE Bd.VII*, 672 e.v.

99 CT, 461, reël 25.

100 CT, 461, reël 28.

101 CT, 462, reël 2-3.

102 CT, 462, reël 8-9.

103 CT, 462, reël 22, 24.

104 CT, 463, reël 10.

105 CT, 463, reël 16.

ontvang.<sup>106</sup> Christus het immers gekom om te red wat verlore is en hulle terug te bring na sy kudde. Daarvoor het hy gesterf. “Das er umb solcher verlornen willen den todt gelitten hat”<sup>107</sup> kan histories nie verlore gaan nie.

Voorts, sê die *Tetrapolitana*, beveel Christus ons om deur Hom te bid. Net Hy is die Middelaar “der uns dann auch lieber hatt, und meer bei dem vatter vermag, dann jeman anders, vermeinen sie, es gebüre den christen, sich an solichem fürsprechen und vertedinger benugen zulassen.”<sup>108</sup> Ons is knegte van Christus, “der uns dann ihm selv zu solchen freien dienst durch sein costliches blut erkaufft hatt.”<sup>109</sup> Daarom kan ons ons nie bind aan enige vorm van ander diens aan God nie. Christus kom nie in stryd met sy Woord, die Bybel, nie.<sup>110</sup> Van Christus sê hierdie belydenisskrif dat Hy ‘n stem het, Hy praat en roep en word gehoor. Hy is die Biskop van hulle siele wat die stem van die vreemde nie toelaat nie – onder geen omstandigheide nie.<sup>111</sup> “Welche aber ein fremde stimm bringen, wer die gleich seindt, die werden von schaffen Christi nit geachtet, Johann. 10 [5].”<sup>112</sup> Die ingrypende probleem rondom die skeiding wat hom in die kerk en samelewing voltrek, sê die *Tetrapolitana*, “ist keiner andere ursach … dann das uns dise die stim unsers Herren Jesu Christi getrewlich und lauter, die anderen aber solche mit menschen gedicht vermischet, fürgetragen haben. Dann sobald die sach kommt an das heilig Evangelion und leer der warheit, müssen die christen sich gentzlich zu dem Bischof irer seelen dem Herren Jesu Christo keren, und der fremden stimm keinswegs zulassen.”<sup>113</sup> Sy teenwoordigheid is ‘n teenwoordigheid wat gekenmerk word deur die versameling, die beskerming en die opbouwing van die kudde deur sy spreke, dit wil sê, sy Woord. Hulle volg Hom.

Oor die feitelikheid, die historiese werklikheid (net buite die gesigsveld) van sy huidige teenwoordigheid is daar ook nie twyfel nie. Hierdie teenwoordigheid is anders, maar nie minder histories nie. Hy is tot die einde van die wêreld by sy kerk. Hy heilig haar en bou haar op as sy geliefde bruid met allerhande soorte waardevolle versierings.<sup>114</sup> “Dise kirch und gemein regiert der heilig geist, und bleibt Christus bei ihr, biß zu endt der welt.”<sup>115</sup> Dit is ‘n volkome, reële regering. Wat Hy nie uit sy hande laat gaan nie. Of, die gesag daarvan aan ander, met name die kerk, meeodel nie.

Die historisiteit van Christus lê nie in die historisiteit van die kerk as heilsinstiutuut, in haar liturgiese mis en rituele nie. Maar, dit bestaan ook nie in ‘n alternatiewe “teologiese” of “geestelike” waarheid nie.<sup>116</sup> Christus “bestaan” nie, maar Hy is. Hy is egter ook nie vir sover die

106 Vgl. *CT*, 463, reël 15-24.

107 *CT*, 492, reël 10-11.

108 *CT*, 472, reël 1 ev.

109 *CT*, 472, reël 32 e.v.

110 Dit is in hierdie verband dat die *Tetrapolitana* die monnikedom awys as ‘n saak wat in stryd is met die Woord en bevel van Christus. Vgl. *CT*, 474, reël 7 e.v. Dit geld ook gebruik rondom die huweliksverbod en die verdienstelikhedskarakter van die geestelike stand.

111 *CT*, 477, 6-7.

112 *CT*, 476, reël 17 e.v.

113 *CT*, 477, reël 3 e.v.

114 “Dabey bekennen wir, das er nicht dester weniger seiner kirchen, mittelerzeit biß zu end der welt, gegenwertig, sye heylige, erpawe, und als sein liebegesonß”, met allerlei waardevolle dinge versier. Sien *CT*, 462, reël 4 e.v.

115 *CT*, 479, reël 30-32.

116 In die jongste tyd word in die populêre Afrikaanse en gereformeerde teologie met oortuiging peil getrek op wat genoem word “teologiese waarheid” eerder as om die intellek te kruisig ter wille van die sg. “empiries-historiese waarheid” van bv. die maagdelike geboorte en opstanding van Christus. Vgl. in hierdie verband Julian Muller, *Hervorming en Spiritualiteit*, by <http://www.julianmuller.co.za/hervorming%20>

geloof Hom vir waar of teenwoordig hou nie. Hy is nie 'n postulaat van die menslike en selfs Christelike geloof nie. Hy is gewoon ook daarbuite, die Here van die geloof. Hy is vry en bly vry. Die Skrif as sy Woord en spreke is wel genoegsaam, so bely die *Tetrapolitana*, om Hom te ken, te hoor en om die heil, die evangelie, en die wêreld te verstaan. Dit kon die Europese *Corpus Christianum* waarin 'n funksionele teologie (ook ten opsigte van die historisiteit van Christus) met 'n teokratiese sintese versoen is, nie doen nie. Dit kan teologiese diskosperse wat as "teologiese", "geestelike" en "geloofswaarhede" of "geloofsverklikhede" ingedink en voorgehou word, Hom ook nie nadoen nie. Hier lê dus 'n tweede en meer fundamentele wissel in die *Tetrapolitana*. Die belydenis transendeer op hierdie punt sy kontekstualiteit en selfs sy teologiese relevansie, omdat hy nie oor Christus praat nie, maar van Hom, en uiteindelik ook met Hom.

## 8. NIE DEUR DIE DOOIE LETTER NIE ...

Teen hierdie tyd sou daar al effens lig gevval het op die betekenis van die aanhaling waarmee hierdie artikel begin het? "... nicht (durch) den todten Buchstaben ..."<sup>117</sup> "... nie (deur) die dooie letter nie ..." Die aanhaling kom uit die hoofstukkie "Vom ambt, wirde und gewalt der geistlichen."<sup>118</sup> In die kerk is daar geen "ander gewalt nemlich als diener Christi und außtheiler der geheimnus Gottes, von welchen zum fürnembsten erfordert wurdt, das sie getrew sein."<sup>119</sup> Hulle het die sleutels om oop te sluit en toe te sluit. Maar, dan kom die wending: "Doch diß alles dermassen, das sie dennoch diener Christi seien welchem dises recht und diser gewalt, den himmel auffzuschliessen und die sund zuverzeihen eigentlich und allein zusteet." Dit word van God ontvang. Hy gee dit aan sy dienaars en predikers,<sup>120</sup> "in dem, das er ihnen hertz, mut und verstand gibt, das Evangelion getrewlich zu predigen."<sup>121</sup> So gebruik Hy hulle om "das die menschen zu

en%spiritualiteit.htm.; Piet Naudé, *Drie maal een is een. 'n Besinning oor God vandag* (Vereniging: Cum-Boeke, 2004), 12 e.v.; 61. In hierdie waarheidsbegrip word die histories-empiriese gebeure (Christus het werklik gelewe, sy bloed is werklik gestort vir ons, sy verlossing is versoening, sy opstanding is histories waar omdat dit die histories werklike grond is waarop Hy vandag lewend die geregtigheid wat Hy deur sy dood vir ons verwerf het, ons deelagtig maak) van hulle werklikheid ontnem. Word alles wat die Bybel as histories-empiriese verkondig, op hierdie manier nie maar vervlug tot iets geesteliks, iets wat in die ervaring, geloof van die mens bestaan nie? Word alles rondom die verlossing in Christus as die enigste weg nie in die wortel afgesny nie? Hulle gee aan Christus 'n bepaalde ander waarde, 'n geloofsbetekenis. Dit is die probleem. Die "teologiese" of "geestelike" waarheid wat so aan Christus se geskiedenis toegeken word, is mensgemaak, is van die mens afhanklik, is relatief en uitgelewer aan omstandighede en situasies. Dit hou nie rekening met die histories-empiriese geskiedenis van Christus nie, en dié hou ook nie daarmee rekening dat Hy sy werklike geskiedenis steeds gebruik en uit genade aan ons toereken nie. Hy bestaan nie in 'n soort van geestelike gelowigheid in mense se koppe en gevoelens nie, want Hy is God. Dus: "teologiese", "geestelike" waarheid is 'n onvervulde, rusteloze gesoek na sin, omdat dit heeltemal leeg en dor is. Volslae afhanklik van menslike vindingsrykheid. Niks meer as dit nie. Eintlik is dit 'n roep na Christus ons enigste Verlosser, wat mens geword het, gebore is uit die maagd Maria en wat histories-empiriese uit die dood opgestaan het, presies soos die Bybel Hom aan ons openbaar en deur die Heilige Gees aan ons bekendmaak en meedeel. Die punt wat in hierdie kantaantekening by die nuutste Afrikaanse gereformeerde teologie gemaak word, is om dit in kontras te stel met die *Tetrapolitana*. Die *Tetrapolitana* ken nie 'n geloofswaarde aan Christus toe nie, juis omdat die geskiedenis van Christus histories aanvaar word en omdat Hy ewige God is, word die Bybel (Ou en Nuwe Testament saam) heilshistories verstaan en verklaar.

117 CT, 475, reël 29

118 CT, 475, reël 11.

119 CT, 475, reël 15 e.v.

120 CT, 475, reël 25: "... von Gott, der gibt, welche ihm gefallen, zu sein diener und prediger des newen Testaments ..."

121 CT, 475, reël 26-27.

seinem newen bund der gnaden duch waren glauben bracht werden.”<sup>122</sup> Dit raak mense se lewens aan. Dit is alles ingesluit, “welche nicht den todten buchstaben, das ist die leer der warheit, so nit wietter, dann in die vernunft kummet, sonder den geist darreichen, der lebendig machet und geist und seel, in dem das er das hertz der warheit beredet, durchdringet.”<sup>123</sup> Wat so gebeur, is Christus se werk. So is Hy teenwoordig. Dit is nie ’n saak van die dooie letter nie.

Per slot van rekening is dit presies dit wat van die *Tetrapolitana* ’n gereformeerde belydenis gemaak het. En, nie sy kontekstualiteit nie. Destyds al, by die kruispunt van konfessies in Augsburg.

#### TREFWORDE

Confessio Tetrapolitana  
Reformasie  
Gereformeerde teologie  
Gereformeerde belydenis  
Ryksdag van Augsburg 1530

#### KEY WORDS

Confessio Tetrapolitana  
Reformation  
Reformed theology  
Reformed confession  
Diet of Augsburg 1530

---

122 CT, 475, reël 28.

123 CT, 475, reël 29 e.v.